# Kom ons praat oor Immunisasie

## Kommunikasie met jou gemeenskap oor kinderimmuniserings

'n Gids vir Gesondheidsorgwerkers

health
Department:
Health
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

USAID
FROM THE AMERICAN PEOPLE

unicef
for every child



## OOR HIERDIE HANDLEIDING

> *"Ek sê vir die ouers dat entstowwe die kosbaarste geskenk is wat jy vir jou kind kan gee"*
> *– Gesondheidsorgwerker*

Kinders moet beskerm word teen voorkombare kindersiektes en beserings. As 'n gesondheidsorgwerker weet jy dat voorkoming beter is as genesing. Jy speel 'n belangrike rol! Deur saam met versorgers te werk om te verseker dat kinders al hul gratis inentings op skedule ontvang, help jy om kinders teen algemene kindersiektes te beskerm.

Sedert die COVID-19-pandemie het miljoene kinders hul kinderjare-inentings gemis. Lae vlakke van immunisering beteken dat voorkombare siektes soos masels aan die toeneem is - wat kinders se lewens in gevaar stel.

Hierdie gids help jou om:

- **Te verstaan waar om die korrekte inligting te kry oor**
- **Met versorgers te kommunikeer oor immunisering en**
- **Vrae en bekommernisse te hanteer en versorgers aan te moedig om hul kinders te laat immuniseer.**

# HOEKOM LAAT SOMMIGE MENSE NIE HUL KINDERS IMMUNISEER NIE?

Die meeste mense aanvaar dit en neem hul kinders om geïmmuniseer te word. Sommige mense is nie seker nie en kan talle redelike vrae hê voordat hulle hul kinders sal wil immuniseer. ’n Klein aantal mense kan teen ’n entstof of immunisering wees.

Daar is talle redes waarom versorgers nie hul kinders laat immuniseer nie. Vir baie is daar praktiese hindernisse soos dat hulle nie in staat is om gedurende werksure by die kliniek te kom nie. Baie mense ontvang eenvoudig nie herinnerings oor wanneer om hul kinders te immuniseer nie.

**KOSTE**
**“Ek het nie vervoergeld om my kinders kliniek toe te neem om geïmmuniseer te word nie.”**

**TYD**
**“Ek werk bedags en my werkgewer gee my nie tyd af om my kinders kliniek toe te neem nie.”**

**AFSTAND**
**“Ek woon baie ver van die kliniek af.”**

**BESIGE LEWENS**
**“Ek só besig om by te hou met my gesin en werk,
ek vergeet wanneer my kinders hulle volgende immunisering moet kry.”**



Ander mense is bekommerd oor die newe-effekte, of is bang entstowwe is nie veilig nie. Ons het ook sedert die COVID-19-pandemie meer wantroue gesien in die regering en die regering se vermoë om betroubare dienste te lewer. Al is die COVID-19-entstof veilig en goed getoets, was baie mense bang vir hierdie nuwe entstof – en is hulle nou ook onseker oor ander entstowwe.

Baie mense het nie genoeg betroubare en geloofwaardige inligting oor hoekom inentings so belangrik is en wanneer hul kinders dit moet kry nie.

**VREES**
**“Die Covid-19-entstof het my bang gemaak vir entstowwe.”**

**VREES VR NEWE-EFFEKTE**
**“Ek is bang my kinders word baie siek van die immunisering.”**

**VEILIGHEID**
**“Ek is bekommerd dat dit nie veilig is nie. Ek weet nie hoe die entstowwe gemaak en getoets is nie.”**

# WAT IS JOU ROL IN KOMMUNIKASIE OOR IMMUNISERING?



As ’n gesondheidsorgwerker dra jy die verantwoordelikheid om versorgers op te voed en te help verstaan waarom hulle hul kinders moet laat immuniseer.

Jy kan ons help om ons teiken te bereik en te verseker dat nege uit tien kinders al hul kinderjare-inentings ontvang om behoorlike beskerming teen voorkombare siektes te bied.

Jou rol in jou gemeenskap is spesiaal omdat:

- **Mense na jou toe kom wanneer hulle onseker voel en antwoorde wil hê.**
- **Mense die inligting en leiding vertrou wat jy aan hulle gee.**
- **Jy die brug tussen die gemeenskap en die gesondheidsorgstelsel is.**

Daar is drie sleutelrolle wat jy speel om mense aan te moedig om hul kinders te laat immuniseer, terwyl jy help om vertroue te bou in die gesondheidsowerhede en diegene wat inentings lewer.
**DIT IS VERAL BELANGRIK WANNEER DAAR ’N UITBREKING IS.**

- **LIG IN EN VERSTAAN**

  Jou rol is om op hoogte te bly van die kinderimmuniseringskedule sodat jy versorgers ingeligte raad en leiding kan gee. Wanneer ons die skedule verander, is dit gebaseer op die bewyse wat deur die Nasionale Adviesgroep oor Immunisering (NAGI) gegee word.

Versorgers maak staat op jou om hulle van hierdie veranderinge te voorsien, asook inligting oor die voordele en risiko's van immunisering en algemene newe-effekte.

Dis van kritieke belang dat jy verstaan dat lae immuniseringsvlakke, soos ons vandag sien, meer kinders aan die risiko van ernstige siektes, gestremdheid en die dood blootstel.

- **LUISTER**
  Dis belangrik om na mense te luister en hulle vrae en bekommernisse te hoor. Luister met verdraagsaamheid en empatie – deur mooi te luister kan jy agterkom wat versorgers verhinder om hulle kinders te laat immuniseer.

- **DEEL OM TE VERBETER**
  Vertel jou Uitgebreide Program vir Immunisering- (UPI-) bestuurder of koördineerder van die bekommernisse en uitdagings wat jou en jou gemeenskap in die gesig staar. Deur te deel wat jy van versorgers hoor – ook hulle idees om probleme op te los – kan jy help om die kinderimmuniseringsprogram vir almal te verbeter.

**ONTHOU!**
Immuniserings is veilig en red eeue lank reeds lewens!

> ***"Laat die kinders inent, want dit beskerm hulle teen baie siektes. As hulle by die skool is, is daar baie kieme en siek kinders, dus kan die entstof help verhoed dat kinders geïnfekteer word***
> ***- Gesondheidsorgwerker***

## HET JY GEWEET?

Om nie 'n veilige entstof te neem nie of dit te weier wanneer dit beskikbaar is, word entstofhuiwerigheid genoem.[1]

Mense wat entstofhuiwerig is, kan inenting uitstel omdat hulle vrae en bekommernisse het wat nie hanteer is nie of wat nie die praktiese struikelblokke vir toegang tot die dienste kan oorkom nie. Of hulle kan sekere immunisasies weier, maar ander nie, of hulle kan immunisering aanvaar maar steeds ongemaklik daaroor voel.

**Entstofontkenners of anti-inenters is mense wat weier om hulle te laat inent omdat hulle glad nie aan entstowwe glo nie. Hulle vertrou nie die wetenskaplike getuienis wat bewys dat entstowwe werk nie. Hulle vertrou dikwels nie regerings of mense wat gebruik van die entstof bevorder nie, en glo in baie gevalle in sameweringsteorieë.**

Ons het almal verskillende oortuigings, idees en ervarings wat ons lewens en hoe ons besluite neem oor kinderimmunisering beïnvloed. As gesondheidsorgwerkers moet ons konsekwent die boodskap oordra dat entstowwe veilig is, en versorgers aanmoedig om hul kinders te laat immuniseer.

***"Die entstowwe wat ons in Suid-Afrika het, is getoets en word steeds getoets om te verseker dit is veilig om vir ons kinders te gee."***
***- Gesondheidsorgwerker***

1 MacDonald NE; SAGE Working Group on Vaccine Hesitancy. Vaccine hesitancy: Definition, scope and determinants. Vaccine. 2015 Aug 14;33(34):4161-4. doi: 10.1016/j.vaccine.2015.04.036. Epub 2015 Apr 17. PMID: 25896383.


## ’N MOEILIKE TAAK




Werk in die openbaregesondheid-sektor bring talle uitdagings mee. Jy het dikwels baie min tyd om saam met jou pasiënte deur te bring, hulpbronne is beperk, voorraad kan opraak en baie pasiënte kan moeilik of onbeskof wees.

Maar die werk wat jy doen is uiters belangrik! Deur sy aan sy met versorgers te werk en immunisering te bevorder, sal jy kinders beskerm en help om die druk op klinieke en hospitale te verminder, aangesien minder kinders siek sal word. En as ons ons teiken bereik om nege uit tien kinders te immuniseer, kan dit help om uitbrekings van hierdie siektes wat die openbare gesondheidstelsel kan oorweldig te voorkom.

## HOU DIE GOEIE WERK VOL



Die werk wat jy elke dag doen is uiters waardevol en moet erkenning ontvang. Deur tyd te neem om met versorgers te praat en kinders teen voorkombare siektes te beskerm, help jy om lewens te red.

***Dankie dat jy help om ons kinders gesond te hou!***

# WAT BEHOORT JY TE DOEN?



**Hier is idees oor hoe om met versorgers te kommunikeer om hulle te help om op hoogte te bly van die kinderimmuniseringskedule.**

## DEEL INLIGTING

Baie van die struikelblokke wat versorgers in die gesig staar, kan die hoof gebied word deur betroubare inligting met hulle te deel. Dit is belangrik dat versorgers verstaan dat talle kindersiektes baie ernstig kan wees en erge siektes, gestremdheid en selfs die dood kan veroorsaak – maar dat dit met immunisasies voorkom kan word.

Jy kan ook inligting met hulle deel oor die veiligheid van die entstowwe – wat oor dekades van veilige gebruik deur miljoene mense bewys is.

Jy kan inligting met versorgers by klinieke en hospitale deel, en in jou daaglikse lewe buite jou werk. Maar jy kan ook met gemeenskapsleiers saamwerk om inligtingsessies aan te bied by geleenthede of lokale waar mense byeenkom – soos plekke van aanbidding, VKO-sentrums, skole of by gemeenskapsgeleenthede.

## VERBETER TOEGANG

Baie versorgers kan nie hul kinders immuniseer nie, want hulle woon lang afstande van klinieke en hospitale af, hulle het nie geld vir vervoer nie of hulle werk gedurende die week.

Oorweeg dit dalk om saam met gemeenskapsleiers te werk om immunisasies op plaaslike vlak beskikbaar te stel. Dit kan wees deur mobiele klinieke wat na afgeleë gebiede reis. Andersins kan jy kliniekure verleng om versorgers te akkommodeer wat dit nie gedurende die week daar kan uitkom nie. Niemand ken jou gemeenskap beter as jy nie!

## HULPMIDDELS OM BY TE HOU MET IMMUNISASIESKEDULES

### 1. The Road to Health-boekie

*The Road to Health-boekie is ŉ nuttige hulpmiddel want:*

- Dis 'n rekord van 'n kind se groei, immunisasies en gesondheidsingrepe.
- Dis 'n inligtingsbron vir versorgers.
- Dis 'n hulpmiddel om samewerking tussen gesondheidsorgwerkers en versorgers aan te moedig.
- Dit sluit die volledige immuniseringskedule in, wat versorgers met beplanning kan help.
- The *Road to Health*-boekie is ook as 'n gratis toepassing in die *Google Play*-winkel beskikbaar. Baie versorgers sal dalk verkies om die gratis toepassing te gebruik om hulle te help om tred te hou met komende immuniserings.

Versorgers wat nie 'n *Road to Health*-boekie het nie, of wat hulle s'n verloor het, kan een by hul plaaslike kliniek kry.

### 2. MOMCONNECT

Nog 'n nuttige hulpmiddel om versorgers te help, is MomConnect. MomConnect is gratis om te gebruik en versorgers kan registreer deur *134*550# vanaf hul selfoon te skakel en is in alle tale beskikbaar. 'n Swanger vrou moet iemand by 'n gesondheidsfasiliteit vra om te bevestig dat sy swanger is en dan registreer.

Dit stuur boodskappe aan versorgers om hulle te ondersteun in die bestuur van hul kind se gesondheid en ontwikkeling, en verskaf herinnerings wanneer inentings gedoen moet word.

Maak seker dat alle swanger vroue wat jy behandel by MomConnect registreer.



## BLY INGELIG

Nuwe inligting en navorsing oor die voordele van kinderimmunisering kom deurentyd na vore.



Op advies van die NAGI kan die UPI-skedule verander word om beskerming en dekking te verbeter. NAGI kan ook aanbeveel dat spesifieke kinders bykomende entstowwe kry, soos die griepentstof, of die COVID-19-entstof vir kinders wat sekere chroniese toestande het.

Ons ontdek ook byna daagliks antwoorde op die belangrike vrae wat mense oor immunisering het. Maak 'n gewoonte daarvan om die betroubare hulpbronne hier onder te gebruik om op hoogte van die kinderimmuniseringskedule en enige nuwe onwikkelings te bly.

**Health Worker Connect**

- WhatsApp 'hi' na +27 60 060 1111

**Nasionale Gesondheid-hulplyn**

- Bel: 0800 029 999
- WhatsApp: 0600 123 456

**NursesConnect**


- Skakel *134*550*5# vanaf jou selfoon

**Side by Side**

- Webwerf: sidebyside.co.za
- Facebook: https://www.facebook.com/SidebySideSA/
- Foon: 071 412 0553
- E-pos: info@sidebyside.co.za

**Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes**

- Webwerf: nicd.ac.za



## KONTROLEER DIE FEITE

Daar is baie vals boodskappe wat ons probeer bang of kwaad maak. Nuwe inligting kan ook moeilik wees om te vertrou aangesien dit dikwels nie maklik is om te weet watter bronne betroubaar is nie.

Sedert die Covid-19-pandemie het wantroue in entstowwe, immunisering, groot farmaseutiese maatskappye en openbare gesondheidsingrepe gegroei, grootliks as gevolg van waninligting. Maar deur die feite te ken, kan jy baie van hierdie waninligting regstel.

**Hoe om die feite na te gaan**

Vra jouself af wanneer jy inligting kontroleer:

1. **Wie het dit geskryf?**
   Doen 'n vinnige soektog na die kwalifikasies van die persoon. Gaan na betroubare webwerwe om die feite na te gaan.

2. **Kan ek bewys dat hierdie inligting waar is?**
   Soek aanlyn om te kyk of hierdie inligting van 'n betroubare webwerf afkomstig is.



## BOU VERTROUE – LUISTER, VRA, VOED OP, VORS NA

’n Versorger se besluit om nie hul kind te immuniseer nie, word deur baie faktore beïnvloed.

Binne hierdie konteks is jy die een wat ’n manier moet vind om hierdie belangrike boodskappe met versorgers te deel op ’n manier wat hulle sal verstaan en aanvaar. Hou die inligting eenvoudig en duidelik.

Hier is voorstelle oor hoe om met respek te kommunikeer en vertroue te bou by iemand wat bekommerd is oor die inenting van hul kind.

| STAP 1: LUISTER | |
|---|---|
| ✓ Luister en maak seker dat jy hulle vrae probeer beantwoord sonder om te oordeel. Luister en probeer om die struikelblokke te begryp waarvoor hulle te staan kom wat immunisasie betref.<br><br>✓ Gebruik ontspanne lyftaal; maak oogkontak. Help om hulle op hul gemak te stel. | ✗ Moenie iemand se oortuigings of waardes oordeel nie. |
| **STAP 2: VRA** | |
| ✓ Vra vrae om hulle redes beter te verstaan en stel die verkeerde inligting reg. | ✗ Moenie mense die vrees op die lyf probeer jaag om te immuniseer nie. |

| STAP 3: VOED OP | |
|---|---|
| ✓ Voed op: Vertel vir mense stories uit jou eie lewe (en die ervarings van andere/hul vriende) oor die voordele van immunisasie, ten einde hulle aan te moedig. Gebruik reguit en eenvoudige taal. | ✗ Moenie mense met moeilike taal oorlaai nie. |
| **STAP 4: VORS NA** | |
| ✓ Doen navorsing: As jy nie dadelik die antwoord het nie, is dit in orde. Daar sal altyd nuwe inligting en vrae wees. Vind by andere uit, en/of berei voor vir in geval jy weer die vraag gevra word. | ✗ Moenie argumenteer nie.<br>✗ Vra om verskoning. |

**ONTHOU**

**Jy kan mense teëkom wat kwaad is en daarteen gekant is om ingeënt te word of wat nog nie seker is nadat jy met hulle gepraat het nie. Bou eerder ’n goeie verhouding om hulle aan te moedig om in die toekoms weer met jou te praat.**

**RESPEKTEER ALMAL SE OORTUIGINGS.**




# BESPREKING VAN NEWE-EFFEKTE



Vrees vir newe-effekte kom algemeen voor. Wees oop en eerlik. Verduidelik altyd dat die newe-effekte wat kinders ervaar normaal is, en gewoonlik baie lig en binne ’n paar dae verdwyn. Dit wys dat die entstowwe hul werk doen. Wys ook daarop dat die newe-effekte beter is as om baie siek te word met een van die kindersiektes wat dood of gestremdheid kan veroorsaak.

***Geringe newe-effekte kan bestaan uit:***

- ŉ Seer of rooi arm by die inspuitplek
- Koors/kouekoors
- Hoofpyn
- Uitgeputheid
- Spierpyne
- Naarheid, diarree of braking
- Uitslag
- Geswelde kliere
- Verlore eetlus
- Geïrriteerdheid of lastigheid



***As dit met jou pasiënt se kinders gebeur:***

1. Luister en stel hulle gerus. Dit is normaal en dit wys net die entstof werk en dat die kind se liggaam besig is om weerstand teen die siekte op te bou.
2. Versorgers kan enige newe-effekte bestuur deur seker te maak hul kind rus, bly gehidreer en neem medikasie om pyn en koors te bestuur, indien nodig.

Ernstige newe-effekte van kinderentstowwe is uiters seldsaam en word voortdurend deur ’n onafhanklike ministeriële advieskomitee, die Departement van Gesondheid en die Suid-Afrikaanse Regulerende Owerheid vir Gesondheidsprodukte (Engels: “SAHPRA”) nagegaan en ondersoek.

Ernstige reaksies is seldsaam. Dit staan bekend as Nadelige Gebeure ná Inenting ("AEFI").

Gesondheidsorgwerkers kan AEFI by SAHPRA aanmeld op die Med Safety-toepassing, wat jy hier kan aflaai:
https://medsafety.sahpra.org.za/

**HERINNER DIE VERSORGERS**
**Indien jou kind enige ernstige reaksies ondervind, kontak die:**

**NASIONALE GESONDHEID-HULPLYN**

- **Bel: 0800 029 999**
- **WhatsApp: 0600 123 456**

**Neem jou kind dadelik na die kliniek as jou kind:**

- Hoes en baie vinnig asemhaal (meer as 50 asemhalings per minuut).
- Jonger as 2 maande is, koors het en nie wil voed nie.
- Alles opgooi.
- Diarree, ingesonke oë en 'n ingesonke fontanel het.
- Bewerasie het (stuiptrekkings kry).
- Tekens van wanvoeding toon (geswelde enkels en voete).
- Nie beweeg of wakker word nie.
- Nie kan voed nie.

***ONTHOU:***
***Verwys altyd vrae na die Nasionale Koördineerder vir Nadelige Gebeure ná Inenting (AEFI) wat opgedateerde inligting sal hê oor wat gebeur het en wat gedoen moet word. Moenie raad van nie-mediese mense vra nie.***

## SLEUTELBOODSKAPPE OM TE KOMMUNIKEER

**Maak seker dat jy hierdie sleutelboodskappe aan vaders sowel as moeders asook aan voogde kommunikeer wanneer hulle na die kliniek kom.**

*Watter entstof toegedien is en watter siekte dit voorkom*

*Om die Road to Health-boekie (immuniseringskaart) veilig te hou en dit met die volgende besoek saam te bring*

*Watter geringe nadelige gebeure kan voorkom en hoe om dit te hanteer.*

*Wanneer om vir die volgende besoek te kom, en om ŉ herinnering te stel*

*Aanmoediging van vaders om betrokke te wees en te verseker dat hul kinders ten volle ingeënt word*

## HOE OM DIT PRAKTIES TOE TE PAS

### MPHO DIE HUISHULP

Mpho werk as ’n huishulp van Maandag tot Vrydag, van 7vm tot 6nm. Haar werkgewer wil haar nie tyd afgee om haar kinders kliniek toe te neem nie en hulle het dus nie al hulle inentings gehad nie.




**Reaksie**

### STAP 1: LUISTER

Laat Mpho klaar praat.
Moet haar nie onderbreek nie.

### STAP 2: VRA

“Ek kan sien jy weet hoe belangrik dit is om ingeënt te word, kom ons vind ’n oplossing. Is daar iemand anders in jou familie wat die kinders na die kliniek kan neem? Of kan jy ’n halfdag verlof neem om na die kliniek te gaan?”

### STAP 3: DOEN OPVOEDING

Erken Mpho se uitdagings en haar voorneme om haar kinders te laat immuniseer. Lig haar in oor die nauurse dienste wat die kliniek bied, indien dit beskikbaar is.

*“Ek kan sien jy wil jou kinders laat geïmmuniseer maar jy kry nie tyd nie. Het jy geweet dat ’n familielid of goeie vriend ook ’n kind na die kliniek kan vergesel in jou afwesigheid? Kom ons kyk watter opsie die beste vir jou is.”*

## SANDY DIE BANKTELLER

Ontmoet Sandy. Hy is ’n 35-jarige bankteller wat nie seker is of sy kinders ingeënt moet word nie, aangesien hy bekommerd is oor die newe-effekte.






**Reaksie**

### STAP 1: LUISTER

Luister aktief. Maak oogkontak. En sit weg jou foon.

### STAP 2: VRA

“Weet jy watter newe-effekte om te verwag? En wat bekommer jou die meeste?”

### STAP 3: DOEN OPVOEDING


Bespreek Sandy se bekommernisse en verduidelik dat newe-effekte normaal is, en gewoonlik baie lig, daarom moet hy verwag dat sy kind pyn by die inspuitplek, koors/kouekoors, hoofpyn, moegheid, spierpyn, naarheid of ’n uitslag kan ervaar. Oorweeg om jou ervaring met hom te deel:

***“My kinders het almal hul kinderimmuniserings ontvang en hoewel hulle ’n teer arm gehad het en af en toe ’n ligte koors of uitslag gekry het, het nie een van hulle enige ernstige komplikasies gehad nie. Dit was niks wat ek nie met rus en pynmedikasie kon hanteer nie. Die risiko’s van die siekte is baie ernstiger as hierdie newe-effekte.”***

Onthou om seker te maak hy verstaan dat kinderimmuniserings sal help om te verhoed dat sy kinders ernstig siek word van hierdie siektes, of daaraan sterf.

## GOGO DLAMINI

Ontmoet Gogo Dlamini. Gogo Dlamini praat met haar vriende in die ry by die winkel oor kinderimmuniserings. Jy hoor sy sê dat hierdie inentings nie veilig is nie en nie behoorlik getoets is nie.






**Reaksie**

### STAP 1: LUISTER

Luister na wat Gogo Dlamini vir jou sê

Wag totdat sy klaar gepraat het voordat jy praat.

### STAP 2: VRA

"Hoekom dink jy hierdie inentings is nie veilig nie?

Waar het jy dit gehoor?"

### STAP 3: DOEN OPVOEDING

Verduidelik dat dit nie nuwe siektes is nie en dat hierdie entstowwe baie jare lank ontwikkel en getoets is voordat dit veilig vir gebruik verklaar is.

*"Hierdie siektes soos TB, masels, witseerkeel, kinkhoes en polio bestaan al honderde jare lank. Ongelukkig het miljoene mense in die verlede aan hierdie siektes gesterf, terwyl andere gestrem gelaat is. Maar dit is nie meer die geval nie, te danke aan immuniserings wat meer as tweehonderd jaar gelede vir die eerste keer uitgevind is. Sedertdien het wetenskaplikes talle verskillende entstowwe ontwikkel en dit vir baie jare deeglik getoets om te verseker dat dit veilig is om te gebruik."*

## ONTMOET VIR DEBRA

Ontmoet vir Debra. Debra het drie jong kinders en nie een van hulle het reeds al hulle immuniserings gehad nie. Debra is ’n enkelma met ’n voltydse werk.

*“Ek het drie klein kinders en ’n voltydse werk. Ek vind dit moeilik om te onthou wanneer hulle hul volgende immunisering moet kry.”*



**Response**

### STAP 1: LUISTER

Luister na wat Debra vir jou sê. Bly ontspanne en wys jy is ontvanklik.

### STAP 2: VRA

“Het jy die skedule in die Road to Health-boekie of op die Departement van Gesondheid se webwerf gesien?”

### STAP 3: DOEN OPVOEDING

Verduidelik praktiese hulpmiddels wat Debra kan gebruik om by te hou met die skedule.

*“Ek kan sien jy wil jou kinders laat geïmmuniseer, maar jy vind dit moeilik om by te hou met die afsprake. Ek verstaan daardie gevoel. Hoekom gebruik jy nie ’n kalender of stel herinnerings op jou foon nie?Jy kan ook die Road to Health-toepassing gratis aflaai. Kom, laat ek jou help.”*



# WORD ȟ KAMPVEGTER VIR INENTING



Hier is 'n paar dinge wat jy as 'n gesondheidsorgwerker elke dag in jou gemeenskap kan doen om kinderimmunisering aan te moedig en te bevorder:



**Skep ruimtes om immunisasies te bevorder**
As 'n vertroude gemeenskapsleier is daar baie maniere waarop jy kinderimmuniserings in jou gemeenskap kan bevorder. Jy kan inligtingsdae by plaaslike geleenthede, VKO-sentrums of gemeenskapsruimtes reël om opvoedkundige inligting aan die gemeenskap te verskaf. Jy kan selfs 'n mobiele kliniek reël om gemeenskappe ver weg van die kliniek af te besoek.




**Korrigeer vals inligting oor immuniserings**
Deel slegs akkurate inligting op WhatsApp en ander groepe waarvan jy deel is. Maak seker jy is op hoogte van die immuniseringskedule en maniere om immunisering te bevorder.



**Deel jou ervarings en positiewe stories van hoe jy jou eie kinders laat immuniseer**
Deel aanlyn met familie en vriende of by jou plek van aanbidding die voordele wat jy gesien het van immunisering en die ervaring daarvan om geïmmuniseer te wees.



**Ondersteun en moedig ander mense in jou gemeenskap aan om dieselfde te doen**
Vir kinders om geïmmuniseer te word, is deel van 'n normale en gesonde lewe. Almal moet dit doen en help seker maak dat alle kinders in hul gemeenskap met hulle immuniserings op datum is.

### Health Worker Connect

- WhatsApp ‘hi’ na +27 60 060 1111

### Nasionale Gesondheid-hulplyn

- Bel: 0800 029 999
- WhatsApp: 0600 123 456

### MomConnect

Registreer deur *134*550# te skakel

### Side by Side

- Webwerf: sidebyside.co.za
- Facebook: https://www.facebook.com/SidebySideSA/
- Telefoon: 071 412 0553
- E-pos: info@sidebyside.co.za

### NurseConnect

- Telefoon: *134*550*5#

### Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes

- Webwerf: nicd.ac.za

health
Department: Health
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

USAID
FROM THE AMERICAN PEOPLE

unicef
for every child